

Hoofstuk van die dag: Psalm 19

> *Mag wat ek sê en wat ek dink tog vir U aanneemlik wees, Here, my Rots en my Verlosser. (Ps 19:15)*

Daar is mense wat die Bybel lees en sê: Dis interessant, maar dis darem ’n bietjie dik vir ’n daalder. Ander, soos die

digter van Ps 19, kyk na God se wêreld en lees God se Woord, en kniel in nederige verwondering voor die Skepper van die wêreld en die Bybel en bely: Wat ’n wonderlike God!
Psalm 19 wil ons laat verstaan dat God se Woord daar is om ons te help om in vreugde voor God te lewe as heel mense. Dit wil ons wysheid gee, koers gee, insig gee, bewaar van dwaling. Daarom is die Bybel ’n kosbare boek, soet op die tong (vers 11).
Mense dink te veel van hulleself, te veel van hulle eie vermoëns en insigte. Daarom dat hulle dit waag om hulleself teen God en teen sy Woord op te stel. Dis ’n gevaar waaraan ons almal blootgestel is. Die Psalmis weet dat ook hy nie gevrywaar is van dié versoeking nie, en daarom bid hy aan die einde dat sy woorde en gedagtes iets van sy ontsag vir God sal weerspieël (vers 15).
Bid jy dit ook vandag!

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026